LAERSKOOL ANTON VAN WOUW
1925-2025
100 JAAR
EEUFEES

# WOUWTJIE NUUS

LAERSKOOL ANTON VAN WOUW

Donderdag 5 Februarie 2026



Liewe Wouwtjie-Ouers

In die gejaagdheid van ons daaglikse lewe raak dit soms moeilik om werklik stil te staan en saam te wees. Ons weke is gevul met werksverpligtinge, huiswerk, sport, kultuur en ander buitemuurse aktiwiteite. Teen die tyd dat die dag tot 'n einde kom, is almal moeg en voor ons dit besef, het 'n hele week verbygegaan sonder dat ons regtig gehoor het hoe dit met ons kinders gaan.





Het ons gevra:
- Hoe was jou dag?
- Saam met wie het jy vandag pouse gespeel?
- Wat was die lekkerste deel van jou dag?

Navorsing oor kinderontwikkeling wys dat kinders nie noodwendig meer tyd met hul ouers soek nie, maar eerder betekenisvolle, onverdeelde aandag. Dit is juis daardie oomblikke van kwaliteittyd … al is dit kort … wat kinders laat voel hulle word raakgesien, gehoor en waardeer.
Hardopleesdag, wat hierdie week gevier word, gee vir ons 'n wonderlike geleentheid om doelbewus so 'n oomblik te skep. Om saam met jou kind 'n boek te lees, al is dit net vir tien of vyftien minute, skep 'n veilige ruimte vir verbinding. Dit is 'n tyd waar fone opsy gesit word, die wêreld vir 'n oomblik stadiger draai, en stories harte bymekaar bring.



Wanneer ons hardop lees:
- bou ons aan ons kinders se taal- en luistervaardighede,
- versterk ons die band tussen ouer en kind,
- en wys ons deur ons teenwoordigheid: Jy is belangrik. Ek maak tyd vir jou.

Mag Hardopleesdag ons herinner dat dit nie altyd groot gebare verg nie, maar eerder klein, opregte oomblikke van saamwees. Kom ons maak weer ruimte vir gesels, luister en lees deur een storie, een gesprek, een spesiale oomblik op 'n slag.





Wouwtjiegroete

_______________________
Odette Klopper
Hoof

# VERKEER EN LEERDERVEILIGHEID RONDOM DIE SKOOL

Ons leerders se veiligheid en sekuriteit bly ons hoogste prioriteit.

Ons doen 'n ernstige beroep op alle ouers om verkeersreëls rondom die skool streng na te kom, veral tydens op- en aflaaitye. Ry asseblief stadig, wees geduldig, let op voetgangers en parkeer bedagsaam sodat ander voertuie en padgebruikers voldoende spasie het.

Die skolierpatrollie is voor en na skool by die voetoorgang in Deystraat aan diens. Leerders word aangeraai om die straat slegs hier oor te steek ter wille van hul eie veiligheid. Ouers word daarop gewys dat dit 'n ernstige verkeersoortreding is om geslote patrollieborde te verontagsaam.

**Daar is toenemende voorvalle waar ouers teen eenrigtingverkeer ry, voetoorgange ignoreer en kinders in gevaar stel, of onhoflike en intimiderende bestuur toon. Hierdie gedrag hou 'n direkte veiligheidsrisiko vir ons leerders in en is onaanvaarbaar.**

**Onthou asseblief:** eenrigtingreëlings is daar vir kinders se veiligheid, geduld en hoflikheid is noodsaaklik, en geen ouer se haas is belangriker as 'n kind se lewe nie.

Neem asseblief kennis van die volgende belangrike reëls:

- Moenie die skool se ingange blokkeer wanneer leerders op- of afgelaai word nie.
- **Die privaatpad by Langestraat funksioneer as 'n eenrigtingstraat.** Moet asseblief nie teen die verkeer opry nie. Tydens funksies word die hek naaste aan Deystraat gesluit.

Die hoofhek van die skool is oop tot 14:30 waarna die sekuriteitswag, Johnny, na die naskoolsentrum se hek beweeg. Tydens funksies word ekstra wagte ingehuur.

Leerders wat tydens skoolure die terrein verlaat, moet by die kantoor uitgeteken word. Die uittekenprosedure word op d6 verduidelik, en die toepaslike uittekenvorm word by die klasonderwyser ingehandig.

Ons vra elke ouer se samewerking om 'n veilige en beskermde omgewing vir al ons kinders te verseker. Leerderveiligheid bly ons eerste prioriteit.

# EMMA SADLEIR

Emma Sadleir kom gesels met ons ouers oor die veilige gebruik van sosiale media, aanlyn respek en kuberafknouery.

Sy help ouers om beter te verstaan wat kinders aanlyn beleef en hoe om hulle prakties te ondersteun en te beskerm in die digitale wêreld.

**26 FEBRUARIE**
**18:00**




DIS AMPER TYD VIR ONS
Vriendskapsmark
BRING 'N SAKKIE !
SLEGS KONTANT!
KOM BEDERF JOUSELF EN DIE MENSE IN JOU LEWE!
13 FEBRUARIE 2026


Checkers
WANT JY IS SPESIAAL
Checkers SIXTY 60
Verras iemand SPESIAAL
hierdie Vriendskapsdag!
'n Kaartjie en sjokolade word op Vriendskapsdag afgelewer deur Checkers 60-60 – vinnig, maklik en met sorg
Koste: R20 per Kaartjie
Te koop: 9 - 12 Februarie
Tyd: 07:00 - 07:20
Plek: Hoofingang
Kaartjies beskikbaar op: D6
Jy is die beste! Liefde Ma & Pa
Ouers neem kennis:
Ouers kan ook vir jul kinders 'n spesiale briefie laat aflewer
(Meer as een kaartjie per kind kan gekoop word)
Checkers SIXTY 60
Want jy is — elke dag.

# RUITERSPORT



Meghan Wolmarans het Sondag 1 Februarie aan die *LPC league*, 2026 deelgeneem.

Sy het 'n eerste plek in Mini League off lead Dressage verwerf, tweede plek in *Mini League off lead Showing*.

# TENNIS



Die tennisliga het Maandag afgeskop met verskeie wedstryde wat gespeel was. Ongelukkig het die weer die finale sê gehad. Baie sterkte vir die res van die seisoen.

# ATLETIEK



Wouwtjie-atlete het op Donderdag 29 Januarie aan Laerskool Menlopark se vriendskaplike byeenkoms deelgeneem en baie goed presteer. Ons atlete neem op Woensdag 11 Februarie aan die Cluster byeenkoms by Hoërskool Menlopark deel. Baie sterkte aan elke atleet wat daaraan deelneem.



# SKAAK

Twee van ons skaakspelers het aan die Tshwane toernooie deelgeneem en baie goed presteer. Baie geluk met die volgende prestasies:

- Genevieve Dixon eindig algeheel tweede.
- Jacques le Roux eindig algeheel sesde.







# SWEM

Baie geluk aan Reynhardt Jacobs wat die afgelope naweek aan die Gauteng kampioenskappe asook die Inter-Provinsiale kampioeskappe in Potchefstroom deelgeneem het. Reynhardt behaal die volgende prestasies by die Gauteng kampioenskappe:

- Tweede plek in 200m Rugslag.
- Tweede plek in 50m Rugslag.
- Derde plek in 100m Rugslag.

By die Inter-Provinsiale kampioenskappe behaal hy 'n derde plek in die 200m Rugslag.

Reynhardt het ook 'n Junior Nasionale kwalifiserende tyd geswem en gaan in Maart aan die Junior Suid-Afrikaanse kampioenskappe in Port Elizabeth deelneem. Baie geluk.



# WAT WOUW jy adverteer?

**LAERSKOOL ANTON VAN WOUW**




















## SKENKINGS VIR KATKOS

Ons voer ongeveer sewe katte op 'n daaglikse basis by die skool. Enige skenkings word baie waardeer.

Katkos kan by die registerklasse ingehan-dig word, vir aandag: Juffrou Hester van Sittert (Naskool).

# KONTAKBESONDERHEDE



012 460 3024/6181

@wouwtjiewees

www.laerskoolantonvanwouw.co.za

Deystraat 356
Nieuw Muckleneuk Pretoria

Belangrike eposadresse:

**Hoof:**
Me. Odette Klopper
hoof@wouwtjies.co.za

**Finansies:**
Petro van Wyk
petro@wouwtjies.co.za
Amelia Robberts
ameliarobberts@wouwtjies.co.za

**Bemarking:**
Marica Botha
bemarking@wouwtjies.co.za

**Klerebank en sluitkassies:**
Ronèl Benadie
ronel@wouwtjies.co.za

**Wouwtjie Naskool (Gr.1-7):**
072 205 7137
naskool@wouwtjies.co.za

**Pre-Primêr Naskool:**
082 410 9070
ppnaskool@wouwtjies.co.za

**BL- navrae:**
Simoné Wallace
bl@wouwtjies.co.za

**Sekretaresse & Inskrywings:**
Simoné Wallace
simone@wouwtjies.co.za

**Kultuurorganiseerder:**
Roché van Blerk
kultuur@wouwtjies.co.za

**Sportbestuurder:**
Henry Allison
sport@wouwtjies.co.za

**Wouwtjienuus: Navrae & Advertensies:**
Marelize Swart
marelize@wouwtjies.co.za

**Verhuring van fasiliteite:**
Marelize Swart
marelize@wouwtjies.co.za

**Snoepie Jemima van Nieuwholtz:**
082 556 3886
snoepie@wouwtjies.co.za

## KANTOORURE:

Ontvangs: 07:00 tot 15:00
Finansies: 07:00 tot 09:00 en 12:00 tot 14:00